

20 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 12:35-59
Fokusgedeelte: Lukas 12:37

Gelukkige en wakker dienskneg

Elke mens, ook jy en ek, wil graag gelukkig wees! Dit is presies wat Christus ons gun. Die Here wil hê dat ons elke dag gelukkig sal wees en dat ons Hóm met blydschap en vreugde sal dien. Ware geluk is alleen in Christus te vind en in sy Woord en sy Kerk. In die voorafgaande gedeelte van Lukas 12 praat Christus oor die “sorge van die lewe” waarin Hy dit uit spel dat Hy gaan sterf en daardeur ook ongeluk en hartseer vir sy dissipels gaan bring. Hy móét dit egter doen om juis daardeur blywende geluk en vreugde aan sy kinders te skenk. Daarom moet sy kinders elke dag gereed wees om Christus te ontmoet. Dit is mos aardse dinge wat ons ongelukkig maak, maar hemelse dinge wat blywende geluk bring. Die wakker en op-sy-pos-kind van God se geluk ken daarom geen einde nie, want ‘n wakker kind van God lééf met die Bybel, lééf vir die kerk en lééf vir Christus. Ja, by God, in God en deur God is volkome en volmaakte vreugde en geluk. Mag jy daardie vreugde van kind wees van God ook vandag beleef!

Sing: Psalm 20:2,4,5

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)